

Hoofstuk van die dag: 1 Konings 11

> *Hy het sewe honderd vrouens uit vorstelike families gehad, en ook nog drie honderd byvroue. Dit was sy vrouens wat hom verlei het. (vers 3)*

Salomo se hordes vroue bring ’n mens by die vraag: “Wanneer is

genoeg genoeg?” Vir Salomo was die antwoord klaarblyklik: nooit. Hy kon nie genoeg aan goud en aansien kry nie, en hy kon nie genoeg aan vroue kry nie. En dit terwyl die Here in Deut 17:17 baie duidelik daarteen gewaarsku het.
Salomo het sy eie ondergang bewerk deur sy gulsigheid. Maar ons kom óók in die versoeking om altyd net meer en meer te wil hê. Die probleem is dat die aarde se voorrade nie onbeperk is nie, en as jy meer vat as wat jy behoort, gaan iets of iemand daaronder ly. Die aarde as habitat is vinnig besig om verby omdraai uitgesuig te word deur ons gulsigheid. En in Suid-Afrika is die gulsigheid van party mense haas ongekend, sodat die verskil tussen die rykes en die armes van die ergste in die wêreld is.
Daar is nie genoeg dat almal kan gryp net soveel hulle wil nie. Dis hoekom die wêreld lyk soos hy lyk. So kom ons leef soberder in 2023, sodat die mense en die aarde kan asem skep.

Mag 2023 vir jou genoeg seëninge bring en jy opnuut vir God leer ken as die groot Voorsiener!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026